*VERSLAGWAARDIG:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER LANDDROSTE:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER REGTERS:JA/NEE*

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.:220/2001***
***DATUM:24-04-2001***

In die Hersieningsuitspraak van:

**DIE STAAT**

teen

**DUMASONG MODIAKGOTLA**
**PATRICK ROOS**

***CORAM:*** STEENKAMP RP et MAJIEDT R

# *U I T S P R A A K*

**MAJIEDT R:**

1. Die beskuldigdes het tereggestaan op ‘n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Hulle is skuldig bevind op grond van hul pleite van skuldig soos nader toegelig deur die ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet.
   Hulle is elkeen gevonnis tot een jaar gevangenisstraf.

2. Beskuldigde 2 se skuldigbevinding en vonnis is regtens in orde, maar wat beskuldigde 1 se skuldigbevinding aanbetref

het ek die volgende navraag op hersiening gerig aan die landdros:

> *"Op p. 8, reëls 21 en 22 van die oorkonde antwoord beskuldigde 1 dat hy "uitgevind " het dat dit verkeerd is om in te breek en te steel.*
> *Was die landdros tevrede met hierdie antwoord? Is dit inderdaad 'n onomwonde en ondubbelsinnige erkenning van 'n wesenlike element van die betrokke misdryf?"*

Die landdros gee toe dat die beskuldigde se antwoord nie neerkom op 'n ondubbelsinnige erkenning van 'n wesenlike element van die bepaalde misdryf nie.

3. Die primêre doel van 'n artikel 112(1)(b) ondervraging is om vas te stel of 'n beskuldigde al die bewerings in die klagstaat erken en dat hy regtens skuldig is aan die ten laste gelegde misdryf;
***S v Matlabeng en 'n ander*** 1983(4) SA 431(O) op 434A.
Verder dien dit ook as beskerming vir 'n beskuldigde teen die gevolge van 'n verkeerde pleit van skuldig;
***S v Nkosi en 'n ander*** 1984(3) SA 345(A) op 353D-E.
Waar daar enige redelike twyfel bestaan of 'n beskuldigde al die wesenlike elemente van die misdryf onomwonde en ondubbelsinnig erken, moet sodanige twyfel die beskuldigde

toekom;

***S v Naidoo*** 1989(2) SA 114(A) te 120J-121E;

***S v Nagel*** 1998(1) SASV 218(OPA) te 220c-220i;
***S v W en andere*** 1999(2) SASV 640(K) te 644b-f.

4. In die onderhawige geval het beskuldigde 1 nie ondubbelsinnig die wesenlike element van wederregtelikheidsbewussyn (d.w.s. kennis dat sy handeling van regsweë as 'n misdaad verbied word), erken nie.
Bygevolg moet die saak na my mening terugverwys word vir die behoorlike nakoming van die bepalings van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet en sou ek vir dié doel die skuldigbevinding en vonnis van beskuldigde 1 tersyde stel.

____________________________

S.A. MAJIEDT
REGTER

Ek stem saam. Die skuldigbevinding en vonnis van beskuldigde 2 word bekragtig. Die skuldigbevinding en vonnis van beskuldigde 1 word tersyde gestel en sy saak word terugverwys na die verhoorlanddros vir die behoorlike nakoming van die bepalings vervat in artikel 112(1)(b) en om te handel ooreenkomstig die bepalings vervat in artikel 312(2) van die Strafproseswet, indien nodig.

M.D.J. STEENKAMP
REGTER-PRESIDENT